education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## EKONOMIE V2

## SEPTEMBER 2024

**TOTAAL: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionale antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin ELKE vraag op ‘n NUWE bladsy.

7. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van die vrae oop.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag ‘n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.9 D.

1.1.1 ‘n Goeie voorbeeld van ‘n volmaakte mark in Suid-Afrika is …

A oliemaatskappye.
B die Johannesburgse Effektebeurs.
C ESKOM.
D die kleinhandelbedryf.

1.1.2 Die aard van die produk wat in 'n suiwer oligopolie verkoop word, is …

A uniek.
B gedifferensieer.
C heterogeen.
D homogeen.

1.1.3 Gemiddelde inkomste is gelyk aan … in alle markte.

A marginale inkomste
B die markprys
C veranderlike koste
D vaste koste

1.1.4 ‘n Kenmerk van ‘n monopolistiese mededinger is dat dit …

A ‘n unieke produk produseer.
B volle beheer oor die prys het.
C min beheer oor die prys het.
D ‘n ekonomiese wins in die langtermyn maak.

1.1.5 ‘n Amerikaner wat na Suid-Afrika reis om Robbeneiland te besoek, is ‘n voorbeeld van ‘n … toeris.

A inkomende
B uitgaande
C mediese
D besigheids

1.1.6 Die deelnemer wat baat by die verhaling van eksterne koste as gevolg van toerisme in Suid-Afrika is ...

A besighede.
B huishoudings.
C die regering.
D banke.

1.1.7 Ontwikkeling gebaseer op die voorsiening van behoeftes van die huidige generasie, sonder om die behoeftes van die toekomstige generasies in te boet, staan bekend as … ontwikkeling.

A volhoubare
B internasionale
C ekonomiese
D stedelike

1.1.8 Belasting wat gehef word op die uitset van goedere wat besoedeling genereer, word … belasting genoem.

A inkomste
B vervaardigers
C toegevoegde waarde
D groen (8 x 2) (16)

1.2 Kies ‘n beskrywing uit KOLOM B wat by die item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.9 J.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Implisiete koste | A ‘n tegniek vir die opsomming en evaluering van die totale sosiale koste en totale sosiale voordele verbonde aan ‘n ekonomiese projek |
| 1.2.2 Oligopolie | B sodra opgebruik is, kan hulle nie vervang word nie |
| 1.2.3 Sluitingspunt | C ‘n markstruktuur wat deur ‘n klein groepie groot maatskappye beheer word |
| 1.2.4 Natuurlike monopolie | D toeriste wat natuurlike gebiede besoek |
| 1.2.5 Koste-voordeel Analise | E die besigheid sal sluit wanneer MK = GVK |
| 1.2.6 Uitgaande toeriste | F soek kreatiewe kontinuiteit van die omgewing |
| 1.2.7 Ekotoerisme | G mense wat uit hul eie lande reis om ander lande te besoek |
| 1.2.8 Nie-hernubare hulpbronne | H hoë ontwikkelingskoste verhoed dat ander potensiële toetreders die mark betree |
| | I die waarde van insette wat deur die entrepreneur besit word en in die produksieproses gebruik word |

(8 x 1) (8)

Kopiereg voorbehou 

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 Inkomste ontvang uit die verkoop van goedere en dienste

1.3.2 Die optrede van een oligopolistiese firma raak ander firmas in die mark

1.3.3 Verseker dat alle Suid-Afrikaners gelyke geleenthede het om regverdig deel te neem aan ekonomiese aktiwiteite om die ekonomie meer doeltreffend te maak

1.3.4 ‘n Landmerk of gebied wat deur die Verenigde Nasies gekies word as ‘n kulturele, historiese of omgewingsbelangrike gebied

1.3.5 Wanneer ‘n persoon van een plek na ‘n ander reis met die uitsluitlike doel om gesondheidsorg te ontvang

1.3.6 Lisensies wat deur die regering aan besighede verkoop word, wat besighede ‘n sekere mate van besoedeling toelaat (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B**

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.


**VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Gee enige TWEE redes vir koste-voordeel ontleding. (2 x 1) (2)

2.1.2 Waarom maak 'n monopolie, selfs op die langtermyn, ekonomiese wins? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron :Core notes Ekonomie Graad 12]

2.2.1 Identifiseer EEN markdeelnemer uitgebeeld in die inligting hierbo. (1)


2.2.2 Watter tipe produk word in 'n volmaakte mark verkoop? (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *markstruktuur.* (2)

2.2.4 Verduidelik hoe prys in 'n volmaakte mededingende mark bepaal word. (2)

2.2.5 Waarom is markte met geen hindernisse vir toetrede, die doeltreffendste? (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




2.3.1 Watter onvolmaakte markstruktuur word in die grafiek hierbo uitgebeeld? (1)

2.3.2 Identifiseer die ewewigsprys in die grafiek hierbo. (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die term *prysleierskap.* (2)

2.3.4 Hoe kan 'n oligopolie sy markaandeel in die spesifieke bedryf vergroot? (2)

2.3.5 Wat sal die uitwerking op totale inkomste wees, indien die oligopolis sy prys van R50 na R60 sou verhoog? Toon ALLE berekeninge. (4)

2.4 Verduidelik normale wins in 'n volmaakte mark met behulp van 'n grafiek**.** (8)

2.5 Hoe kan die regering samespanning deur besighede verminder? (4 x 2) (8)
**[40]**

**VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE inheemse kunsvorme in Suid-Afrika. (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoe kan mense brandstofverbruik verminder om die volhoubaarheid van die omgewing te bevorder? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: Spotprente SA]

3.2.1 Noem die tipe toerisme wat in die spotprent hierbo geïllustreer word. (1)

3.2.2 Noem enige EEN onderneming wat van toerisme afhanklik is. (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die term *toerisme.* (2)

3.2.4 Wat is die rede vir die groei in die binnelandse toerismebedryf? (2)

3.2.5 Verduidelik die effek van toerisme in die verligting van armoede. (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: Statistiek Suid Afrika Oktober 2023]

3.3.1 Noem die belangrikste monetêre beleidsinstrument wat die Suid-Afrikaanse Reserwebank gebruik om die land se inflasiekoers binne die teikenband van 3–6% te hou. (1)

3.3.2 Identifiseer die inflasiekoers vir Oktober 2023. (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die term *inflasie.* (2)

3.3.4 Verduidelik die Monetaristiese siening oor inflasie. (2)

3.3.5 Hoe effektief is die Suid-Afrikaanse Reserwebank in die vermindering van inflasie? (2 x 2) (4)

3.4 Bespreek die toename in huishoudelike verbruik as ‘n oorsaak van vraagtrek-inflasie. (4 x 2) (8)

3.5 Ontleed die belangrikheid van inheemse kennisstelsels om die Suid-Afrikaanse toerismeprofiel te versterk. (4 x 2) (8)

**[40]**

## VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES
**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE fiskale maatreëls wat gebruik kan word om inflasie te bekamp**.** (2 x 1) (2)

4.1.2 Wat verhinder monopolieë om buitensporige hoë pryse te hef? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**RAND MANIPULASIE IN DIE HANDE VAN DIE KOMPETISIEKOMMISSIE**

Die Mededingingskommissie het 28 plaaslike en internasionale banke daarvan beskuldig dat hulle saamgespan het oor forex-transaksies en die manipulering van die valutamark deur die prys van die rand vir etlike sekondes en selfs minute verskeie kere "vasgemaak" het. Daar word vermoed dat die kartel 'n triljoen rand per dag gemaak het weens prysvasstelling en marktoewysing deur die banke.

Vyf van die 28 banke het erken dat hulle deelgeneem het aan die beweerde valutamanipulasie. Die Suid-Afrikaanse Reserwebank het geweier om in te meng in die Mededingingskommissie se ondersoek na bewerings van randmanipulasie.

[Bron:Citizen 29 November 2024]

4.2.1 Hoeveel banke is daarvan beskuldig dat hulle die rand gemanipuleer het? (1)

4.2.2 Identifiseer die instelling verantwoordelik vir monetêre beleid in die uittreksel hierbo. (1)


4.2.3 Beskryf kortliks die term *prysvasstelling*. (2)

4.2.4 Wat moet banke doen as hulle nie tevrede is met die besluit van die Mededingingstribunaal? (2)

4.2.5 Verduidelik die uitwerking van manipulasie van die rand op die ekonomie. (2 x 2) (4)

4.3 Bestudeer die sirkeldiagram hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BYDRAE VAN TOERISME-AKTIWITEITE TOT DIE EKONOMIE**




4.3.1 Identifiseer die aktiwiteit wat die meeste bygedra het tot die ekonomie hierbo. (1)

4.3.2 Gee EEN voorbeeld van vervoer wat aan toeriste in Suid-Afrika verskaf word. (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die term *kultuurtoerisme.* (2)

4.3.4 Hoe sal die ekonomie baat vind deur 'n toename in die aantal toeriste wat na Suid-Afrika kom? (2)

4.3.5 Hoe kan plaaslike gemeenskappe baatvind uit nabygeleë toerisme-aantreklikhede? (2 x 2) (4)

4.4 Vergelyk volmaakte mededinging en monopolie in terme van die *vraagkromme.* (4 x 2) (8)

4.5 Hoe kan Suid-Afrikaanse huishoudings bydra tot 'n laer inflasiekoers? (4 x 2) (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>Die inleiding is 'n laer-orde antwoord.<br>• 'n Goeie beginpunt is om die sleutelkonsep wat met die vraag verband hou, te definieer of te omskryf.<br>• MOENIE enige deel van die vraag by jou inleiding insluit NIE.<br>• MOENIE enige deel van die inleiding in die liggaam herhaal NIE.<br>• MOENIE in die inleiding noem wat jy in die liggaam gaan bespreek NIE. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in detail/Diepgaande bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Differensieer/Verduidelik /Assesseer/Debatteer<br>**'n Maksimum van 8 punte mag vir opskrifte/voorbeelde toegeken word.**<br><br>**Addisionele deel:** Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Lei af/ Vergelyk/ Onderskei/Stel voor/Interpreteer/Debatteer/Hoe<br>**'n Maksimum van 2 punte kan vir die blote noem van feite toegeken word.** | Maks. 26<br><br><br><br>Maks. 10 |
| **Slot**<br>Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit:<br>• 'n Kort samevatting van wat alreeds bespreek is, sonder die herhaling van feite wat reeds genoem is<br>• Enige mening/opinie of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is<br>• Addisionele ondersteunende inligting wat die bespreking/analise versterk<br>• 'n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek die oorsake van markmislukking in besonderhede. (26)
- Hoe kan die staat markmislukkings wat deur eksternaliteite veroorsaak word, voorkom? (10)
**[40]**

**VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in besonderhede enige VYF omgewingsprobleme en die internasionale maatreëls wat geneem is om hierdie uitdagings te hanteer. (26)
- Evalueer die doeltreffendheid van besoedelingsbeheermaatreëls in Suid-Afrika. (10)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou